Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-273-1335
🖷 042-273-1210
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

JAARVERSLAG 2019

1. SKOOLPROFIEL

1.1	NAAM:	HOËRSKOOL McLACHLAN
1.2	EMIS NO:	200100315
1.3	KWINTIEL:	4
1.4	STATUS:	Artikel 21
1.5	TIPE:	OPENBARE SKOOL
1.6	TUISDORP:	JOUBERTINA
1.7	SKOOLDISTRIK:	SARAH BAARTMAN

2. SLAAGSYFERS EINDE 2018

Graad 1:	100%
Graad 2:	96%
Graad 3:	100%
Graad 4:	100%
Graad 5:	90%
Graad 6:	94%
Graad 7:	96%
Graad 8:	90%
Graad 9:	84%
Graad 10:	85%
Graad 11:	85%
Graad 12:	100%

3. LEERDERGETALLE 2019

Seuns:	161
Dogters:	220
TOTAAL:	381

4. GRADE WAARIN ONDERRIG IS

	LSEN	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	11	12	TOTAAL
SEUNS	8	20	17	10	13	14	14	12	11	7	11	16	8	**161**
DOGTERS	9	11	16	19	18	18	16	16	22	21	21	18	15	**220**
TOTAAL	17	31	33	29	31	32	30	28	33	28	32	34	23	**381**

5. POSTEVOORSIENING 2019

Posbeskrywing	Posbekleër	Vakonderrig	Status	Departementeel SBL
1. Skoolhoof	Vakant			
2. Departementshoof (H/S)	Mnr S. Pienaar	WG 10 – 12	Permanent	Departementeel
3. Departementshoof (L/S)	Me D Bohnen	Eng 5, 6 Afr 6	Permanent	Departementeel
4. Posvlak 1-opvoeders	Me Lizbe Strydom (Gr 1)	Alle vakke	Permanent	Departementeel
	Me M de Kock (Gr 2)	Alle vakke	Permanent	Departementeel
	Me Tania Potgieter (Gr 3)	Alle vakke	Permanent	Departementeel
	Me Elaine Strydom (Gr 4)	Afr 4, Eng 4, Wisk 4, 5	Permanent	Departementeel
	Me Riana Ferreira (Gr 5)	Afr 5, LV 4 – 6 en TOC, SW 5, 6 SK 7	Kontrak	SBL
	Mnr Daniel Terblanche (Gr 6)	Wisk 6-7, SW 4 en 7, LO 7-8 EBW 7 – 9	Permanent	Departementeel
	Me. Sumique v. Huyssteen (Gr 7)	NW & Teg 4-6, Teg 7 – 9	Kontrak	SBL
	Me Marie Strydom (Gr 8)	NW 7 – 9, LW 10 – 12, LO 9	Permanent	Departementeel
	Me Janine Kritzinger (Gr 9)	Drama 10 – 12 Visuele Kuns 10 – 12 Kuns (TOC)	Permanent	Departementeel
	Mnr Johan Schlechter (Gr 10)	Wisk 9 – 11 FW 10 – 12	Permanent	Departementeel
	Me Viginia Hatton-Jones (Gr 11)	Wisk 8 en 12 Eng 10 – 12	Kontrak	SBL
	Me Madelein Vangeel (Gr 12)	EBW 8, 9 BS 10 – 12, Rek 10 – 12	Permanent	Departementeel
	Me Marietjie Strydom	Afr 10 – 12, Toer 10 – 12	Permanent	Departementeel
	Me Anneke Roberts	Afr 7-9, SK 8-9		
	Me Roethilda Oelofsen	Gasvryheid 10 – 12 en TOC	Kontrak	SBL
	Mnr Martin van Dyk	CAT 10 – 12	Kontrak	SBL
	Me Simoné v.d. Mescht (TOC)	Afr, Eng, Wisk, LV (TOC) LO 10-12	Kontrak	SBL
	Me Liesbeth Erasmus	SW 8-9, Geo 11-12	Kontrak	SBL
	Me Alet Engelbrecht	Eng 7-9	Kontrak	SBL
5. LSOB	Me Aurelia Olivier	LSOB 1 – 5	Kontrak	SBL
	Me Mari Schreiber	LSOB 6-7	Kontrak	SBL

6. Administratief	Me Daleen Strydom Me Augusta Mattheus	Ontvangs, skooladministrasie Finansies, boekestoor, skryfbehoeftes	Permanent Kontrak	Departementeel SBL
7. Sport / Skoolterrein	Mnr Rieco van der Linde	Sporthoof Afrigter Faktotum	Kontrak	SBL
8. Koshuis	Me Miriam Chabeli	Koshuistoesighouer Assistent	Jaarlikse aanstelling Permanent	Departementeel Departementeel
9. Grondepersoneel en skoonmakers	Me Doleen Masimla Mnr Cheetah Elbrecht Mnr Justin Sebia Me Dina Pietersen Me Hendrika vd Berg		Kontrak Kontrak Kontrak Kontrak (deeltyds) Kontrak (deeltyds)	SBL SBL SBL SBL SBL
10. Busbestuurder	Mnr M Jaftha		Kontrak	SBL

6. PERSONEELAANGELEENTHEDE

'n Opregte dank aan al die personeel, administratiewe personeel, die OOV en skoolbeheerliggaam vir volgehoue harde, kwaliteitwerk om ons skool se naam hoog te hou en te verseker dat daar aan die toekoms van ons leerders gebou word om ‘n suksesvolle volwasse lewe te verseker. Mag hierdie besondere band van samewerking in 2020 voortgesit word.

7. SKOOLKOSHUIS

Die skoolkoshuis is aan die begin van die derde kwartaal weer oopgemaak. 19 leerders word tans gehuisves. Ongelukkig wissel getalle baie a.g.v. die feit dat betaling nie volgehou kon word nie. Spyseniering is deur die DvO behartig. Personeel is egter nog nie aangestel soos belowe nie en is tans ‘n groot uitdaging.

8. AKADEMIE

Die uitdagings op akademiese terrein word by die dag groter. Leerders oor die totale spektrum ervaar groot agterstande, veral met leesvaardighede en gesyferdheid. Daar word ‘n beroep op ouers gedoen om hul kinders te ondersteun en saam met die skool te werk wanneer daar dissipline toegepas word. Die afwesigheid van ‘n vaste studieroetine tuis, toegewydheid tot leer en ‘n gedissiplineerde lewensstyl is van die grootste probleme wat die skool daagliks ervaar en moet hanteer.

Ekstra wiskunde en CAMI-klasse word weekliks na skool aangebied. Hierdie geleentheid is vir alle leerders beskikbaar en nie net vir diegene wat probleme met taal of wiskunde ondervind nie. Dit is juis ook daar vir diegene wat hul wiskundige en taalvaardighede nog verder wil ontwikkel om sodoende nog beter te presteer vir wie hierdie klasse aanbeveel word.

Die sukses van die LSOB-klas kan nie genoeg beklemtoon word nie. Die vooruitgang wat hierdie leerders toon, is merkwaardig. Dankie aan mevv. Aurelia Olivier en Mari Schreiber vir hulle leiding en insette. Leerders en ouers is groot dank aan hulle verskuldig.

9. SPORT

Hoërskooltennis:
Die hoërskoolspanne het hierdie jaar weer ligawedstryde gespeel. Die eerste seunstennisspan het vir die 2de keer die liga gewen.

Die eerste dogterstennisspan het ook hierdie jaar die ligawedstryde gewen, t.s.v. 'n paar moeilike wedstryde.

Laerskooltennis:
Ons laerskool het die hele jaar op weeklikse basis tennisoefeninge gehad. Op 1 Mei is 'n heerlike geslaagde rondomtalie-tennistoernooi hier plaaslik gehou. Die buurskole het ook kom deelneem. Almal wat geoefen het, het 'n geleentheid gekry om wedstryde te speel. Gedurende Meimaand het vier van die seuns aan proewe op Jeffreysbaai gaan deelneem. Hulle het baie goeie oefening gekry deur baie wedstryde te speel.

Ons het hierdie jaar weer vir mnr. Ronnie Petersen, ons professionele afrigter, gehad wat met ongeveer 30 spelers gewerk het. Hy het ook gedurende die Septembervakansie 'n toernooi by Paul Sauer gereël waarna ons leerders genooi is. Dit was ook 'n geslaagde dag. Dit lyk belowend vir die toekoms as ons sien hoeveel kleintjies afrigting ontvang. Ons het groot waardering vir sy afrigting.

Laerskoolrugby
Die laerskool het 'n goeie jaar gehad. Die 0/7-, 0/9-, 0/11- en 0/13-spanne het aan die volgende sportdae deelgeneem: HPS, McLachlan-Kermis, Stulting, Markötter, asook Jeffreysbaai. Die 0/13-rugbyspan het weer die jaar aan die Top Gear-sporttoer deelgeneem en baie goeie rugby gespeel.

Raymondo October en Shaylon Jafta is gekies om die OP-0/12-span te verteenwoordig. Die twee seuns het 'n uitsonderlike toernooi gehad.

Die skool se rugbyafrigters vir 2019 was: TJ Dorfling (0/7), Bennet Wright 0/9, Daniel Terblanche (0/11, 0/16) en Rieco van der Linde (0/13, 1ste Span).

0/15 Oostelike Provinsie-Rhinoweek te Vereeniging
Mnr. Rieco van der Linde het Hoërskool McLachlan as afrigter by die Oostelike Provinsie se 0/15-span verteenwoordig. Hy is bygestaan deur mnr. Deon Lyons as mediese beampte. Die span het ook in die finaal van die Rhinoweek gespeel.

Oostelike Provinsie 0/19 en 0/15
Mnr. Rieco van der Linde is verkies tot hoofkeurder van die OP-0/19-Plattelandspan asook van die 0/15-Rhinoweekspan. Hy is ook verkies op die OP-hoërskole se uitvoerende komitee.

Oostelike Provinsie-0/18-Cravenweek

Anton van der Mescht is gekies om die OP-0/18-span by die Cravenweek te gaan verteenwoordig. Hy is ook gekies om deel te wees van OP-hoërskole se "High Performance Training Camp". Mnr Rieco van der Linde was een van die afrigters vir die OP-hoërskole by die "High Perfomance Training Camp". Dit is voorwaar 'n groot voorreg dat McLachlan 'n speler en afrigter in OP rugby het.

"SA Central"-0/19-span:

Anton van der Mescht is vir die SA Central-0/19-span gekies en gaan gedurende Desember aan die "Emirates Dubai Sevens" deelneem. Voorwaar 'n merkwaardige prestasie.

0/19-McLachlanrugbyseisoen

Mnr. Rieco van der Linde was Hoërskool McLachlan se 0/19-afrigter, bygestaan deur mnr. Deon Lyons. Die span was baie suksesvol die seisoen. Hulle het ook teen groot skole die jaar gespeel. By die jaarlikse kermis het hulle uitstekende rugby gespeel en al hulle wedstryde gewen.

Laerskoolkrieket

Krieketontwikkeling begin alreeds op 0/7-vlak deur mnr. Bennet Wright by Hoërskool McLachlan. Die 0/9's word afgerig deur mnr. Daniel Terblanche en die 0/11's en 0/13's deur mnr. Rieco van der Linde. Die 0/11- en 0/13-krieketspan neem aan die Kouga-liga deel.

Hoërskoolkrieket

Die 0/19-krieketspan word deur mnr. Rieco van der Linde afgerig. Hulle neem aan die OP-krieketliga deel.

Laerskoolnetbal

Die laerskoolnetbalspanne het intensief gedurende sportperiodes geoefen. Verskeie sportdae is bygewoon en ligawedstryde is ook gespeel.

HS McLachlan se 0/12-span was die Sarah Baartman se Bathu-ligawenners.

Hoërskoolnetbal

Die hoërskoolnetbalspanne het gereeld wedstryde gespeel. Die wedstryde tydens kermis en tuiswedstryde is baie goed ondersteun. Ongelukkig woon die speelsters nie die oefeninge gereeld by nie.

Amesha Stephanus het deelgeneem aan die 0/16-netbalwinterspele te Oos-Londen.

Atletiek

Atlete het aan verskeie byeenkomste deelgeneem. Die kleuresport en SOK is altyd 'n hoogtepunt, want massadeelname kweek skool- en spangees. Anton van der Mescht het weer die Oos-Kaap verteenwoordig.

Landloop

Hoërskool McLachlan het hierdie jaar weer begin met landloop. Ons landloopseisoen was kort, maar lekker. Ons het op 14 Mei begin en op 3 Augustus geëindig. Daar was ongeveer 20 atlete wat onderskeidelik by die vyf byeenkomste deelgeneem het. Ons het deelgeneem in Port Elizabeth, St Francisbaai, Humansdorp, Joubertina en Somerset-Oos. Ons atlete het baie goed gevaar. Christel Jonk, Kianto Blou en Anika Kritzinger is vir die Kouga Koukamma-span gekies. Ons atlete

kan voorwaar trots wees op hulself. Volgende jaar pak ons dit weer, met nog meer entoesiasme, aan.

10. OLIMPIADES

'n Hele aantal gr. 3- tot 7-leerders het aan die "Conquesta Olimpiade" deelgeneem. Hierdie olimpiade verryk elke leerder en spoor hul aan om die vraestelle met die nodige insig te voltooi. Die graad 3-leerders het hierdie jaar ook aan die "Champion Olimpiade" deelgeneem en baie goeie resultate behaal.

11. SPELLING BEE EN MATHS QUIZ

Vier graad 3-leerders het aan bogenoemde kompetisies deelgeneem. Dit was ‘n vriendskaplike kompetisie tussen skole in die Kouga- en Koukammastreke.

Jessamy Leyding en Melandrie van der Mescht het aan die spelkompetisie deelgeneem. Melandrie het ‘n 3de plek behaal.

Ockert Koorzen en Le Roux Muller het aan die Maths Quiz deelgeneem. Ockert het ‘n 1ste plek en Le Roux ‘n 2de plek in die kompetisie behaal.

12. ONDERSTEUNINGSDIENSTE

Hoërskool Kaap Recife in Port Elizabeth het besluit om vanjaar hulle uitreikaksie na Hoërskool McLachlan voort te sit aangesien beperkte ondersteuningsbronne in ons area voorkom. Hoërskool Kaap Recife beskou dus die uitreik as ‘n geleentheid om hulle kundigheid en spesialisbronne te gebruik om gemeenskapsdiens aan beide die ouers en skool te lewer. Gedurende 2019 het Kaap Recife aan 19 leerders van ons skool spesialisdienste gelewer. Die resultate hiervan stel die onderwysers in staat om hierdie leerders met spesiale onderwysbehoeftes inklusief te kan akkommodeer. Dit is die vierde agtereenvolgende jaar dat Hoërskool Kaap Recife terapeutiese dienste tot beskikking van ons skool stel.

Hierdie samewerkingsaksie het gelei tot die belangstelling van die Direktoraat van Inklusiewe Onderwys wat, o.l.v. dr. Glynnis Pieterse, aanbeveel het dat Hoërskool McLachlan die tegniese vaardigheidskurrikulum, ‘n spesiale onderwysprogram, sal loods. Dié kurrikulum is die afgelope jaar op versoek van die Departement van Onderwys suksesvol as ‘n loodsprojek geïmplementeer, maar sal ongelukkig nie in 2020 kan voortgaan nie a.g.v. hulpbronne wat die Departement van Onderwys nagelaat het om, soos ooreengekom, te voorsien.

In samewerking met me. Gerda Ferreira en die Departement van Sosiale Ontwikkeling het Hoërskool McLachlan die tweede agtereenvolgende jaar by traumaberading ingeskakel. Die traumabehandeling geskied onder die bekwame leiding van me. Maryke Pretorius, ‘n gekwalifiseerde traumatoloog van Jeffreysbaai. Me. Pretorius besoek die skool op ‘n maandelikse basis. Beide ouers en leerders vind groot baat by hierdie diens.

Me. Lindal Jaftha is gedurende die tweede kwartaal van die jaar as leerder-ondersteuningsagent (LSA) deur die Departement van Onderwys aangestel. Me. Jaftha is gedurende die skooldag tot beskikking van leerders wat in moeilike omstandighede ‘n gewillige oor nodig het om te luister. Verder identifiseer sy leerders wat hulpbehoewend is en bring ook tuisbesoeke aan sodanige

leerders en hulle gesinne. Me. Jaftha lewer ‘n onbaatsugtige diens van onskatbare waarde aan die leerders.

Die behoefte aan ondersteuningsdienste neem steeds toe. Dit is met genoeë dat die skool kan getuig dat ook hierdie behoefte aangespreek word op ‘n wyse waarop waarde tot die onderrig en holistiese ontwikkeling van die kind toegevoeg word.

13. VRL

Die verteenwoordigende raad van leerders (VRL) se werksaamhede het na die prysuitdeling van 2018 begin. Na die November 2018-eksamen het die groep saam met die laerskool se bestuurskomitee by die De Dekke-Opleidingsterrein in Grootbrakrivier gaan kamp. Hulle het reeds daar begin om die doelwitte vir 2019 te beplan.

Die opgradering van ons skoolreëls en gedragskode asook hulp met die instelling van detensies is met die hulp van die groep en personeel gedoen.

In die nuwe skooljaar het elke uitvoerende komitteelid ‘n portefeulje saam met twee laerskoolbestuurraadslede (BK) gedryf om te help met ‘n gesonde positiewe en gedissiplineerde skoolomgewing.

Die VRL borg die aankoop van die swart materiaal en die maak van die 4 skerms sodat die saal meer sinvol gebruik kan word. Lappe is verwyderbaar vir skoonmaak en ander gebruike.

Die BK het vanjaar ons sekretaresses vereer met die plant van 2 koeltebome op die skoolterrein. Mev. Mattheus het ‘n sterk boekenhout, "Augusta" by die skoolhek en mev. Daleen Strydom ‘n taai groot Brasiliaanse peperboom, "Sekkie", in die grondslagfasespeelterrein geplant.

2019 het weer eens gewys dat ‘n demokraties verkose leerderleierskorps ‘n positiewe impak op ons skoollewe, leerders en gemeenskap kan hê.

Die Valentynsdans was weer ‘n heerlike geesbouer aan die begin van die jaar wat die VRL met groot finesse en entoesiasme aangebied het. Die hele BK en graad 7-klas kon hulle eerste sokkie bywoon met die tema, "High School Musicals".

14. KULTUUR

Hoërskool McLachlan het ‘n wonderlike kultuurjaar in 2019 beleef. Ons leerders het op verskillende kultuurterreine presteer.

Ons jeugtak, die ATKV-R62-Kamerade, onder die knap leierskap van Elze Potgieter het verskillende projekte gereël wat die leerders en die gemeenskap betrek het. Die tak is by die nasionale kongres by Klein-Kariba as die beste tak in die Oos- en Suidwes-Kaap bekroon.

Die ATKV moedig lees aan d.m.v. die lekkerleesprogram. Die skool het a.g.v. sy deelname ‘n boekgeskenkbewys van R700 vir die biblioteek ontvang.

Fanie Viljoen, ‘n jeugromanskrywer, het die skool kom besoek. Hy is die skrywer van die Onderwêreld wat deur die gr. 9’s as voorgeskrewe boek behandel word.

Lapa-uitgewers het boeke by ons skool kom verkoop en vir die skoolbiblioteek 230 nuwe boeke geskenk.

Miencke Strydom het aan die junior ATKV-Afrikaansolimpiade deelgeneem. Die uitslag is nog nie bekend nie.

Op redenaarsgebied het ons skool besonder goed gevaar. Miencke het die juniorafdeling van die ATKV se redenaarskompetisie in die Oos- en Suidwes-Kaap gewen. Sy het aan die nasionale kompetisie by Goudini gaan deelneem. Elze Potgieter het ons skool by die senior semi-finale rondte in George verteenwoordig.

Vanjaar is die eerste keer dat ons aan die Oppie-Tong-Af-redenaars deelgeneem het. In die groepredenaars het ons 80% behaal en Miencke het die individuele deelname gewen en moes in Gauteng aan die finale rondte gaan deelneem het. Sesduisend redenaars het landwyd deelgeneem en slegs 640, waarvan Miencke een is, is gekies om aan die finale rondte deel te neem. Miencke het in die finaal in Gauteng onder die top 9 geëindig met ‘n A+.

Die ATKV-tak het ook ‘n skryfskool by die skool vir leerders en volwassenes gereël. Proff. Hans du Plessis, stigter van die eerste skryfskool by Universiteit van Potchefstroom en Bernard Odendaal by dieselfde universiteit, het die kinders begeester om meer aandag aan lees en skryf te gee.

Hoërskool McLachlan is landwyd een van die 200 skole wat gekies is deur die Jong Skrywersgenootskap om aan ‘n opstelwedstryd met wonderlike pryse deel te neem.

Van die ATKV-lede is Port Elizabeth toe vir ‘n leesonderrigkursus, deur die ATKV aangebied. Die lede gaan ‘n sertifikaat ontvang omdat die kursus hulle bemagtig het om kinders wat sukkel met lees, te help.

Die ATKV het ‘n toneelspel en regiekursus onder leiding van Marie Borstlap in Port Elizabeth aangebied. Vier van ons leerders het dit bygewoon.

McLachlan het ook aan die Kyknet-toneelkompetisie deelgeneem. Marli van Zyl is uit 500 deelnemers gekies om aan die finale rondtes in die Kunstekaapteater deel te neem. Marli is ook genader vir ‘n radio-oudisie by RSG en was in die derde rondte onder die top 20 in die land.

Drie gr.6-dogters het ‘n tweede plek by die Koukamma se biblioteekweek se “Spelling B” behaal. Hulle is Luzandi O’Connel, Caty Jonk en Elaine Coenraad.

Darnell Wagenaar het eerste gekom by die Koukamma se biblioteekweek se “Math 24”-kompetisie. In die laaste rondte in Grahamstad het hy tweede gekom.

Die VRL o.l.v. mnr. Schlechter het Mnr. en Mej. McLachlan aangebied.

Twintig leerders o.l.v. mnr. Schlechter woon die geestelike kamp, #image in Jeffreysbaai by.

Die VCSV is baie aktief. Paastyd is ‘n Paasskattejag gehou. Elke maand is daar klem op ‘n waarde gelê om dit te help vestig by ons kinders soos, eerlikheid, vriendelikheid, volharding en so meer. Kampe word gereeld gereël en bygewoon.

Die skoolkoerant, Die Blaker, ‘n spogblad van die skool, word twee keer per jaar uitgegee.

Op kort kennisgewing het vier gr.7-leerders aan die ASTROQUIZ-kompetisie deelgeneem. Hulle is na die tweede rondte deur. Die leerders is Sesihle Khova, Emelee Smith, Olivier Kritzinger en Elanie Kritzinger.

Tiffeny Lyons het aan drie rondtes van die Koukomma se biblioteekweek se debat- en leeskompetisie deelgeneem. Sy het uitstekend gevaar en is gekies om aan die derde en finale rondte in George die afgelope vakansie deel te neem.

Die jaarlikse makietie het weereens bewys hoeveel verskuilde talent onder ons kinders is.

Hierdie jaar het die skool ‘n revue in die plek van die kultuurweek aangebied. Al die leerders in die laerskool het ‘n geleentheid gehad om aan #SELFIE deel te neem. Die laerskool het die Langkloofgemeenskap op 28 Augustus bymekaar gebring, want 530 mense het die vertoning bygewoon.

Sarah Labuschagne het goud by die provinsiale EXPO-vir-jong-wetenskaplikes in Port Elizabeth behaal.

Op Woensdag, 21 Augustus, neem 13 leerders vanaf graad 9 – graad 12 deel aan die jaarlikse ATKV-tienertoneelkompetisie. Hulle voer ‘n toneelstuk op, wat geskryf is deur juff. Janine Kritzinger en Riana Ferreira.

Graad 7-Kaaptoer 2019

PROGRAM: 16 SEPTEMBER – 20 SEPTEMBER 2019 by Glencairne Rotary Youth Camp in Vishoek.

Ons het op Sondag, 15 September, na Kaapstad vertrek. 23 graad 7-leerders het die toer meegemaak. Mnr. Daniël Terblanche het die Quantum en mnr. Olivier Kritzinger het die Sprinter bestuur. Die leerders is ook deur juf. Janine Kritzinger en mev. Anita Kritzinger vergesel.

Die leerders het ‘n heerlike tyd gehad en het aan baie opvoedkundige sessies en ontspannings-aktiwiteite deelgeneem. Hulle het goeie gedrag getoon en was orals hoflik en vriendelik. Hierdie is ‘n fantastiese toer wat definitief weer in die toekoms aangebied moet word. Leerders het die geleentheid gekry om dinge te sien en te ervaar wat die meeste van hulle dalk nooit andersins sou ervaar of sien nie.

Die volgende plekke is besoek: kasteel, wetenskapsentrum, planetarium, Die Tuine, hartmuseum, Tafelberg, vlootmuseum, speelgoedmuseum, Boulders-pikkewyne by Simonstad, Cave-golf, Two Oceans-akwarium, 'n boottoer in die hawe en 'n rit op die "Groot Wiel" beleef.

15. ANDER AKTIWITEITE

Langkloof-Skoonmaakprojek

Hoërskool McLachlan bedryf reeds ‘n paar jaar ‘n herwinningsprojek met "Master Waste Management", ‘n onderneming wat gelei word deur mnr. Jessie Naidoo. Op 16 September 2019 het die graad 5-klas van McLachlan, in samewerking met "Master Waste Management", die terrein rondom die skool en die twee koshuise skoongemaak.

Hierdie projek was deel van ‘n groot, internasionale “Cleanup the World”-veldtog vanaf 16 – 20 September 2019, wat nasionale en internasionale erkenning geniet het. Dit is ondersteun deur UNESCO, Tafelbergnatuurfonds en die tuinroetebiosfeer. ‘n Geraamde 35 miljoen mense, regoor die wêreld, het hieraan deelgeneem. Die veldtog was gemik daarop om mense bewus te maak

van die omgewing en watter positiewe bydrae ons as gemeenskap kan maak om die omgewing te help bewaar.

16. GELDINSAMELINGSPOGINGS

Kermis

'n Baie suksesvolle kermis is in Mei aangebied. Die kleurvolle stalletjies en sportwedstryde het gesorg vir 'n onvergeetlike dag. Michelle Vosloo en die res van die OOV verdien groot lof vir hierdie poging.

FNB-McLachlan-Langtafelkuieraand

Op Vrydag, 16 Augustus 2019, het die personeel van Hoerskool McLachlan 'n FNB-geborgde Langtafelkuieraand in die George McLachlansaal aangebied. Herman Kleinhans het as kunstenaar opgetree. Die aand was 'n groot sukses en die R26 000.00 wat ingesamel is, word aangewend om die vierkant voor die skoolsaal op te knap en te verf.

Langkloofbloeiselfees

Die beheerraad van Hoërskool McLachlan het groot waardering vir elkeen wat betrokke was by die suksesvolle bloeiselfees van 2019. Hulle het hul opregte dank teenoor Anton en Michel Terblanche, wat aan die spits van die reëlings en organisering gestaan het, uitgespreek.

SLOT

Baie geluk aan al die leerders en personeel met die suksesse van 2019. Dankie vir almal se betrokkenheid, om meer as net die nodige te doen en sodoende lewens te verryk en waardevolle ervaring te deel. Bou voort op die suksesse van 2019 en streef daarna om in 2020 nog groter hoogtes te bereik en groter deelname aan aktiwiteite te verseker.

Die uwe

D. Bohnen
Waarnemende Skoolhoof: Hoërskool McLachlan

Hoërskool McLachlan